higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 3

(1011033)

9 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik 'n SWART of BLOU pen.
5. Laat ten minste drie reëls na elke vraag oop.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Marinering is 'n proses waarin dier- en plantafval met grond gemeng word.

1.1.2 'n Kontantvloeistaat kan aandui hoeveel krediet nodig is.

1.1.3 Invoerbelasting is 'n tarief wat by 'n grens betaal moet word om 'n kommiditeit 'n land in te neem.

1.1.4 Die Nasionale Waterwet laat boere toe om damme te bou indien daar stroomaf nie mense is wat die water nodig het nie.

1.1.5 Wins verwys na die positiewe wins uit 'n belegging nadat alle koste afgetrek is.

1.1.6 Landboubesigheid hoef nie volhoubaar te wees nie omdat dit nie 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse enomonie speel nie.

1.1.7 Verkope bokant die gelykbreekpunt lei tot 'n verlies en verkope onder hierdie punt lei tot 'n wins.

1.1.8 Oorhoofse koste is direkte koste.

1.1.9 Produksie het nie eintlik 'n negatiewe invloed op die omgewing nie.

1.1.10 Produktiwiteit is nou verwant aan bemarkbaarheid.

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Om ekonomies volhoubaar te wees moet 'n landboubesigheid ... doeltreffend aanwend.

1.2.2 Die stuur en ontvang van boodskappe per telefoon, radio of televisie, word ... genoem.

1.2.3 'n Beleid wat daarop gemik is om plaaslike produsente teen buitelandse mededinging te beskerm, word ... genoem.

1.2.4 … is hoeveel geld 'n besigheid aan die einde van 'n begrotingstydperk het.

1.2.5 Die naam van die hele groep waaruit steekproewe geneem word, staan as die ... bekend.

Kopiereg voorbehou

1.2.6 … is wanneer 'n boer masjiene en toerusting skoonmaak en smeer om seker te maak dat dit in 'n goeie toestand is.

1.2.7 Verkryging van inligting oor 'n hele groep deur 'n kleiner deel van die groep te gebruik word … genoem.

1.2.8 'n … is 'n instrument wat gebruik word om grondmonsters te neem.

1.2.9 Die … is die meting wat gebruik word om te bepaal of vrugte en groente gereed is om geoes te word.

1.2.10 … omvorm kommoditeite gedeeltelik of algeheel tot 'n vorm waarin dit verbruik kan word.

(10 × 1) (10)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.3.1 Steekproefneming sonder 'n bepaalde patroon of plan.

1.3.2 Elektrisiteit, skoon water, sanitasie en afvalverwydering.

1.3.3 Verkope en versending van goedere na ander lande.

1.3.4 Fisiese strukture soos paaie en geboue.

1.3.5 'n Persoon of maatskappy wat in 'n besigheid namens iemand optree.

1.3.6 Om te verseker dat jou landboubesigheid nie mense of gemeenskappe benadeel nie.

1.3.7 Om aksies te orden en te bepaal wanneer dit gedoen moet word.

1.3.8 Betaling of 'n fooi wat van besoekers aan wildplase verhaal word.

1.3.9 Om goedere vanaf die produsente/groothandelaars na die kleinhandelaars te vervoer.

1.3.10 Die aanbieding van 'n kommmoditeit aan 'n klant op 'n manier, by 'n plek en in 'n vorm wat die klant wil hê en bereid is om voor te betaal.

(10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Wat is 'n gelykbreekpunt? (2)

2.2 Waarom is dit belangrik om die gelykbreekpunt in 'n onderneming te bereken? (2)

2.3 Gebruik die inligting hier onder en bereken die antwoorde op die vrae wat daarop volg.

Die finansiële state vir Mnr Mkhize se plaas toon dat die tamatiebedryf se vaste koste R49 000 en die veranderlike koste per produksie-eenheid R0,30 beloop. Die inkomste uit verkope is R1,00 per kilogram.

2.3.1 Hoeveel eenhede (kilogram tamaties) moet verkoop word om gelyk te breek? (5)

2.3.2 Hoeveel wins sal geskep word indien Mnr Mkhize verkope met 10 000 kilogram bokant die gelykbreekeenhede verhoog? (5)

2.3.3 Hoeveel wins sal geskep word indien Mnr Mkhize sy verkope met 30 000 kilogram bokant die gelykbreekeenhede verhoog? (5)

2.3.4 Wat sal die gevolg wees indien die verkope met 10 000 kilogram vanaf gelykbreek to 60 000 eenhede val? (5)

2.3.5 Wat sal die gevolg wees indien verkope met 30 000 kilogram vanaf gelykbreek tot 40 000 eenhede val? (5)

2.3.6 Wat is die betekenis van die term *data*? (1)
[30]

VRAAG 3

3.1 Joe Mabuza het 'n plot van drie hektaar. Hy plant kool op twee hektaar van die plot. Tydens die laaste twee maande het hy 1 000 koolkoppe teen R3,00 elk verkoop. Die totale koste om 1 000 koolkoppe te produseer was R1 100.

3.1.1 Bereken Joe Mabuza se bruto inkomste vir die twee maande. (2)

3.1.2 Wat is sy netto inkomste vir die twee maande. (2)

3.1.3 Bereken die eenheid-netto-inkomste per hektaar (as ons aanvaar dat die koste per hektaar dieselfde was en dat dieselfde hoeveelheid op elke hektaar geoes is). (2)

Kopiereg voorbehou

3.1.4 Bereken sy opbrengs op belegging. Gebruik die formule:

$$\text{Opbrengs op belegging} = \frac{(\text{Totale inkomste} - \text{Totale koste})}{\text{Totale koste}} \times 100$$ (4)

3.1.5 Is dit 'n goeie opbrengs? Motiveer jou antwoord. (2)

3.2 Monica het 'n plot langs Joe Mabuza. Sy wil ook groente plant maar wil nie met Joe kompteer nie. Bestudeer die tabel hier onder en gebruik die inligting om die vrae wat daarop volg te beantwoord.

GEWAS	**KOSTE PER HEKTAAR**	**INKOMSTE PER HEKTAAR**
Mielies	R5 010	R3 010
Tamaties	R3 300	R5 000
Uie	R5 600	R6 700

3.2.1 Watter van hierdie gewasse lewer die beste brutowinsgrens? (4)

3.2.2 Watter van hierdie gewasse breek nie gelyk nie? (2)

3.2.3 Watter raad sou jy op grond van hierdie syfers aan Monica gee. (2)

3.3 Omskryf die volgende terme/woorde:

3.3.1 Buitelandse valutaruiling (2)

3.3.2 Wisselkoers (2)

3.3.3 Risikobeoordeling (3)

3.4 Noem DRIE stappe wat by die uitvoer van landbouprodukte gevolg moet word. (3)

[30]

VRAAG 4

4.1 Wat is VIER redes vir onderhoud? (4)

4.2 Verskaf SES voorbeelde van probleme wat veroorsaak word indien plaasinfrastuktuur nie onderhou word nie. (6)

Kopiereg voorbehou

4.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.3.1	Voorkom vernietiging van woude, veld en boerderygrond deur brande	A	toeris
4.3.2	Uitruil van kommoditeite tussen twee of meer partye	B	bewaringsbewerking
4.3.3	'n Lys van verskillende take wat gedoen moet word	C	multilaterale handel
4.3.4	Mense wat 'n plaas besoek om na veldblomme of diere te kyk	D	voorbrande
4.3.5	Voorbereiding van die grond op so 'n manier dat 'n bedekking op die oppervlak gelaat word	E	bedryfsplan
4.3.6	Lewende hawe per vierkante kilometer	F	soneringsregulasies
4.3.7	'n Verskeidenheid lewende organisme wat natuurlik in 'n gebied voorkom	G	ekostelsel
4.3.8	Die frekwensie waarteen 'n dier aanteel en die aantal kleintjies wat gebore word	H	dravermoë
4.3.9	Reëls wat spesiale gebeide skep waar die wet bepaal dat sekere aktiwiteite mag plaasvind	I	voortplantingstempo
4.3.10	Plante, diere en natuurlike kenmerke in 'n omgewing en die manier waarop alles verwant is	J	ewekansige steekproefneming
		K	behuisingsregulasies
		L	sterftesyfer
		M	biodiversiteit

(10 × 1) (10)

4.4 Omskryf die volgende terme:

4.4.1 Neweproduk

4.4.2 Man-ure

4.4.3 Kontantvloeibegroting

4.4.4 Landbouchemikalie

4.4.5 Intra-streekshandel

(5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen inkomste en uitgawe in die produksieproses. (4)

5.2 Bestudeer die TABEL hier onder. Klassifiseer die volgende kostes as veranderlike of vaste koste. Skryf slegs 'veranderlike' of 'vaste' langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Nr.	KOSTE	TIPE KOSTE
5.2.1	Huur en deelsaaibetalings	
5.2.2	Veevoer	
5.2.3	Verpakkingsmateriaal	
5.2.4	Selfoonkontrakfooie	
5.2.5	Bemarkingskoste	
5.2.6	Brandstof, olie en smeermiddels	
5.2.7	Posbushuur	
5.2.8	Leiwater	
5.2.9	Bankkoste	
5.2.10	Rente op lenings	

(10)

5.3 Watter vrae sal jy in 'n marknavorsingsvraelys vra? (3)

5.4 Watter VIER maniere kan gebruik word om data oor peste en siektes voor en na planttyd op die plaas te versamel? (4)

5.5 Hoe kan probleme wat met swak onderhoud van plaasinfrastruktuur verband hou opgelos word? Noem VYF moontlike oplossings. (5)

5.6 'n Plaaswerkplan sluit die volgorde in waarvolgens take gedoen moet word. Gee VIER redes wat kan veroorsaak dat 'n werkplan kan verander. (4)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou